Bybel vir Kinders

bied aan

God se belofte aan Abraham

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus

Aangepas deur: M. Maillot; Tammy S.

Vertaal deur: Yvette Brits

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2012 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Lank na die vloed het mense op aarde 'n plan gemaak.

“Ons sal ‘n groot stad bou met ‘n toring tot by die hemel,” het hulle gesê. “Kom ons bly altyd saam.” Almal het dieselfde taal gepraat.

God wou hê mense moet reg
oor die wêreld, wat Hy geskape
het, bly. Toe doen Hy iets spesiaals.
Skielik het groepe mense verskillend
gepraat. God het vir hulle
nuwe tale gegee.

Die mense wat dieselfde taal gepraat het, het saam weg getrek. Miskien het mense bang geraak vir mense wat hulle nie kon verstaan nie.

Op hierdie manier, het God mense in verskillende lande laat bly. Die stad wat hulle verlaat het, was Babel genoem, wat Verwarring beteken.

Jare later, in 'n plek met die naam Ur van die Chaldeërs, het God met 'n man, genoem Abram, gepraat. "Verlaat hierdie land," het God beveel. "Gaan na die land wat ek vir jou sal wys."

Abram het God gehoorsaam. God het hom gelei Kanaän toe. Sy vrou, Sarai, en sy neef Lot het saam met hom gegaan.



In Kanaän het Abram en Lot ryk geword. Hulle het groot kuddes vee gehad. Daar was nie genoeg weiding vir so baie diere nie.

Lot se herders het met Abram se herders baklei. "Laat daar nie moeilikheid wees nie," het Abram gesê. "Ons sal skei. Lot, vat jy die eerste keuse van die land wat jy wil hê."

Lot het 'n groot grasvlakte met stede en dorpe gekies. Dit het goed gelyk. Maar die stede was goddelose plekke.

Nadat Lot weg is, het God weer met Abram gepraat. "Ek gee al die land van Kanaän aan jou en jou kinders vir ewig." Abram en Sarai het nie kinders gehad nie.
Hoe kon God sy groot belofte behou?

Drie mans van God het na
Abram en Sarai gekom.

"Julle sal binnekort 'n baba hê," het hulle gesê. Sarai het gelag. Sy het nie God se belofte geglo nie. Sy was negentig jaar oud.

God het vir Abram gesê hy sal nou Abraham genoem word en Sarai sou Sarah wees.

God het ook vir Abraham gesê dat Hy die twee goddelose stede van Sodom en Gomorra sou vernietig. Abraham se neef Lot het in Sodom gebly met sy familie.

Lot het God se waarskuwing geglo toe dit kom, maar sy dogters se mans het geweier om Sodom te verlaat. Hoe tragies! Hulle het nie God se Woord geglo nie.

Net Lot en sy twee dogters het dit na veiligheid gemaak.

Ongelukkig het Lot se vrou God se waarskuwing ongehoorsaam en teruggekyk toe sy hardloop.

Sy het in 'n soutpilaar verander.

God het sy belofte aan Abraham en Sarah nagekom. Hulle het 'n kind op hulle oudag gehad, net soos God gesê het. Hulle het gejuig met die geboorte van Isak!

Miskien het
Abraham ook gedink
aan God se belofte
om Kanaän aan hom
en sy kinders te
gee vir ewig.

God sou daardie belofte ook nakom. God kom altyd sy beloftes na.

God se belofte aan Abraham

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Genesis 11 - 21

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16